

Billikheid, gehalte en sukses by die UV ondanks 'n pandemie

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) fokus reeds vir meer as 'n dekade op billikheid en gehalte wat betref studentesukses. Hierdie fokus is gegrond op bewysgebaseerde leierskap, datagedrewe besluitneming en wêreldklas-navorsing oor die bou van 'n onderrig-leeromgewing wat studente op die uitdagings van die 21^{ste} eeu voorberei.

Dit is dus geen verrassing dat die UV 'n bewysgebaseerde benadering tot die uitdaging van COVID-19 gevolg het nie. Onmiddellik nadat COVID-19 in Suid-Afrika uitgebreek het, het prof Francis Petersen, die Rektor en Visekanselier, 'n uitvoerende COVID-19-taakspan saamgestel met 'n Onderrig-Leer-bestuurskomitee (OLBK) onder leiding van die Viserektor: Akademie, dr Engela van Staden, wat op die suksesvolle voltooiing van die akademiese jaar moes fokus.

Die eerste stap was om 'n opname te doen oor studente se toegang tot toestelle, data en netwerke. Uit die 13 500 antwoorde kon ons sien dat 92% van die studente 'n toestel het wat toegang tot die internet bied, 70% kan weg van die kampus op die internet aanmeld, en 56% het 'n skootrekenaar. Die Direkoraat vir Institusionele Navorsing en Akademiese Beplanning (DINAB) het 'n kwesbare studente-indeks (KSI) opgestel om 3 500 skootrekenaars te koop en aan die kwesbaarste studente te versprei.

Die data wat uit die opname en die KSI verkry is, is gebruik om 16 strategieë te ontwikkel om alle studente – maar veral kwesbare studente


– te help om die jaar suksesvol te voltooi. Die *KeepCalm*, *#UFSLearnOn* en *#UFSTeachOn* veldtogte is deur die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) geskep om onderskeidelik aan personeel en studente ondersteuning te bied met die oorgang na 'n onderrig-leerbenadering wat geskik is vir die noodsituasie.

“Die #UFSLearnOn-studentegidse is ontwikkel sodat studente dit op hulle selfone kon aflaai. Die gidse het nuwe leervaardighede aan studente geleer, idees gegee om aan te teken en selfs 'n leeromgewing tuis te skep. Die #UFSLearnOn-webwerf is deur meer as 77 000 studente besoek. 177 000 Facebook-gebruikers kon die materiaal aflaai. Die UV het die gidse ook met ander universiteite in die sektor gedeel om samewerking te bevorder,” sê Prof Francois Strydom, Senior Direkteur van SOL.

Die *#UFSTeachOn*-veldtog het personeel ondersteun om hulle materiaal en onderrig by die 'nuwe normaal' aan te pas. Personeel was so daarop ingestel om hul studente te help dat **meer as 3 800 aanlyn webinar** bygewoon is. Sowel studente as personeel het uiters positief op die twee veldtogte reageer.

Die SOL het ook wekelikse verslae uit data van die leerbestuurstelsel ontwikkel om onderrig-leer en assessering te monitor sodat ondersteuning vir studente en personeel betyds ontplooi kon word. Die data-ontleding het gelei

Figuur 1 bewys die fokus op die verbetering van billikheid in die prestasie van al ons studente:



Die data in figuur 1 toon aan hoe die sukseskoers van alle studente oor die afgelope dekade met 9% verbeter het (van 72% tot 81%). Die prestasiegaping tussen wit en ander studente het gedaal, wat meer billikheid tot gevolg het. 'n Swart UV-student se gemiddelde sukseskoers is nou 79% (2019) teenoor 65% in 2009.

“Hierdie data is 'n bewys van die inspirerende moed en harde werk van al ons personeel en studente wat onder uiters moeilike omstandighede nie fokus verloor het nie. Ons voorlopige data dui daarop dat ons nie van ons doelwit van billikheid, gehalte en sukses sal afwyk nie.”

– Prof Francis Petersen, Rektor en Visekanselier van die UV.

tot die bekendstelling van die Geen Student Agtergelaat-Inisiatief (GSAI) onder leiding van Gugu Tiroyabone, Assistentdirekteur in die SOL.

Die data-ontleding het getoon dat 989 studente in die eerste semester nie aan leer kon deelneem nie. Die akademiese adviesspan het na die

studente uitgereik en hulle verwys na e-tutoriale, e-advies, voorligting, rekenaardienste, ens. Aan die einde van die semester kon net 0,05% (204) van die studente nie aan leer deelneem nie; alternatiewe akademiese planne is reeds vir hierdie groep studente gemaak.

Dus het 99,95% van UV studente in die eerste semester aan leer deelgeneem.

Terugvoer van 'n student aan haar akademiese adviseur, wat die UV se verbintenis tot billikheid, gehalte en sukses gedurende die jaar aangrypend opsom:

“Baie dankie, as dit nie vir u was nie, sou ek gedurende die pandemie opgeskop, my registrasie beëindig of selfs selfdood gepleeg het. Ek het al my modules met onderskeidings geslaag danksy u ... Gaan asseblief voort met u wonderlike werk vir ander (u is bedoel om hierdie werk te doen), mag die Here u seën.”

“Die lesse en suksesse van 2020 word reeds by die UV gebruik om die opwindende nuwe programme en 'n hoër gehalte-benadering tot onderrig-leer te ontwikkel, wat die leerervaring vir ons studente nog meer verrykend sal maak en hulle sal voorberei om die geleentheid van die 21^{ste} eeu aan te gryp,” sê prof Strydom.



www.ufs.ac.za

UFSUV | UFSweb | UFSweb | ufsuv

Inspiring excellence. Transforming lives.

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA

